Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

GESKIEDENIS V1
ADDENDUM
EKSEMPLAAR

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE 1917 RUSSIESE REWOLUSIE?

BRON 1A

Hierdie bron beklemtoon die toestande in Rusland voor die 1905 Rewolusie.

Die sosiale, ekonomiese en politieke toestand in Rusland voor 1905 was agtergeblewe. Sosiaal was 85% van Rusland se bevolking landboukundig. Die nywerhede was daar, maar was selde in privaat besit. Werkers was op grond van beroep verdeel. Hulle het hoofsaaklik na stede vir indiensneming in fabrieke gemigreer. Die boeregemeenskap was diep godsdienstig, maar het nie veel vir die adel omgegee nie. Hulle het geglo dat die grond onder hulself verdeel moes word.

Rusland het ʼn slegte ekonomiese tydperk beleef. Pryse van noodsaaklike goedere het toegeneem terwyl reële (ware) lone met 20% gedaal het wat tot die beroemde St. Petersburg-staking gelei het. Hierdie staking het ʼn reeks gebeure begin wat saam as die 1905-rewolusie bekend gestaan het. Tydens hierdie rewolusie, was daar stakings regoor die land, universiteite het gesluit, en verskeie professionele persone en unies het op die daarstelling van ʼn konstituerende/grondwetlike vergadering aangedring.

Politieke partye was onwettig voor 1914. Die Russiese Sosiaal-Demokratiese Werkers Party is in 1898 gestig deur sosialiste wat Marx se idees gerespekteer het. In 1903 is hierdie party in twee groepe verdeel – Mensjewieke en Bolsjewiste. Die Bolsjewiste, wat die meerderheid was, was deur Lenin, wat as die grootste denker op sosialisme na Marx beskou was, gelei.

[Uit http://www.toppr.com/ask/question/what-were-the-social-economic-and-political-conditions-in-russia/. Toegang op 23 Maart 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 1B

Hierdie bron beklemtoon die oorsake van die van 1905-rewolusie in Rusland.

Die 1905-rewolusie in Rusland het begin toe gewapende magte 'n groep vreedsame betogers buite die Tsaar se Winterpaleis in St. Petersburg aan die brand gesteek het. Daar was egter baie faktore in die opbou tot die rewolusie in 1905. Oproerings in Rusland was selde en vreedsaam in die tydperk voor 1905. Sedert die implementering van Tsarisme in Rusland, het die regimes stadig ontwikkel in meer van 'n outokratiese instansie wat sy wil op die mense afgedwing het met min agting vir menslike lewe en vryheid. Sedert die 1860's was daar geleidelike veranderinge in regerings-, regs-, maatskaplike en ekonomiese beleidsimplementering, maar die politieke stelsel is onveranderd gelaat. Terselfdertyd het Rusland oorlog gevoer teen Japan as gevolg van mededingende imperialistiese ambisies in die gebied.

Rusland het in 'n oorlog met Japan betrokke geraak en geglo dat hy die oorhand het, en aanvanklik het binnelandse sentiment in Rusland verbeter. Dit het egter gou vir die mense duidelik geword dat die oorlog teen Japan nie soos beplan verloop het nie. Die groot nederlae op land en see het die Russiese publiek geskok en hul oortuiging dat die huidige regering 'n swak, onderdrukkende en kwynende regime was versterk. Die oorlog teen Japan het ook die Russiese mense tuis nadelig beïnvloed. Met die finale nederlaag van Rusland deur Japan, is die regering as onbevoeg beskou en alle vertroue was verlore. In 'n daad van finale minagting en 'n oproep om verandering, het 'n groep mense na die Tsaar se Winterpaleis in St. Petersburg gemarsjeer om vreedsaam 'n petisie aan Tsaar Nicholas II te oorhandig.

[Uit www.cram.com>essay>causes-of-the-1905-russian-revolution. Toegang op 24 Maart 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 1C

Hierdie foto toon die gevange soldate van die Russiese 2de leër na hul nederlaag in die Slag van Tannenberg.



[Uit https://www.independent.co.uk/news/world/world-history/history-of-the-first-world-war-in-100-moments/history-first-world-war-100-moments-russia-loses-army-battle-tannenberg-9247186.html Toegang op 10 Oktober 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 1D

Die onderstaande bron verduidelik die Februarie-rewolusie in Rusland in 1917.

Die Februarie-rewolusie in Rusland het begin toe onluste en stakings oor voedselskaarsheid in Petrograd uitgebreek het. Een week later, is eeue van Tsaristiese heerskappy in Rusland beëindig met die abdikasie van Nicholas II, en Rusland het ŉ dramatiese stap nader aan ŉ kommunistiese rewolusie geneem.

Teen 1917 het die meeste Russe geloofwaardigheid in die leierskapsvermoë van die Tsaristiese regime verloor. Regeringskorrupsie was algemeen, die Russiese ekonomie was agtergeblewe en Nicholas het herhaaldelik die Duma, die Russiese parlement wat ná die Rewolusie van 1905 gestig was, ontbind namate dit sy wil teengestaan het. Maar die onmiddellike oorsaak van die Februarie Rewolusie was Rusland se rampspoedige betrokkenheid in die Eerste Wêreldoorlog. Militêr gesproke, was imperiale Rusland geen opposisie vir die geïndustrialiseerde Duitsland nie, en Russiese ongevalle was groter as enige ander land wat in enige vorige oorlog betrokke was. Intussen is die ekonomie hopeloos ontwrig deur die duur oorlogspoging en gematigdes het by die Russiese radikale elemente aangesluit in hul oproep tot die omverwerping van die Tsaar.

Op 8 Maart 1917, het betogers wat vir brood geskree het, hul protes na die strate in die Russiese hoofstad van Petrograd geneem. Ondersteun deur 90 000 stakende mans en vroue, het die betogers met die polisie gebots, maar het geweier om die strate te verlaat. Op 10 Maart het die staking na al die werkers van Petrograd versprei, en ŉ woedende skare werkers het polisiestasies vernietig.

Op 11 Maart is die troepe van die Petrograd weermag-garnisoen uitgeroep om die opstand te onderdruk. In sommige van die skermutselinge het betogers gesterf namate regimente op hulle begin skiet het, maar die betogers het in die strate gebly en die troepe het begin wankel. Op daardie dag, het Nicholas weer die Duma ontbind. Op 12 Maart het die rewolusie geseëvier nadat regiment op regiment van die Petrograd-garnisoen oorgeloop het om by die stryd van die betogers aan te sluit. Die soldate, ongeveer 150 000 mans, het daarna komitees gevorm wat adjunkte tot die Petrograd Sowjet verkies het.

[Uit www.history.com>hierdie-dag-in-geskiedenis"FebruaryRevolution-begin. Toegang op 24 Maart 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE GROOT DEPRESSIE OP DIE AMERIKAANSE SAMELEWING IN DIE 1930's?

BRON 2A

Hierdie bron fokus op die impak van die Groot Depressie op die Amerikaanse ekonomie.

Die Groot Depressie word beskou as die ergste en langste ekonomiese krisis wat ooit die westerse ekonomieë getref het. Gedurende die 1930's, het byna al die vlaktes (gebiede) van die VSA 'n droogte beleef. Baie gewasse was beskadig as gevolg van hoë temperature, onvoldoende reënval, sterk winde en die besmetting van gewasse deur insekte. Daar word aangevoer dat hierdie depressie in die landbousektor 'n groot rol gespeel het om die Groot Depressie teweeg te bring.

Die depressie het in die Verenigde State onmiddellik na die ineenstorting van die New York se aandelebeurs in 1929 begin. Die krisis het tot 1939 aangehou. Teen 1932 het die waardes van voorraad tot 20% van hul oorspronklike waarde gedaal, en in 1933 het omtrent 11 000 uit die 25 000 banke en finansiële instellings in die Verenigde State van Amerika ineengestort as gevolg van 'n aantal redes wat 'n afname in die waarde van eiendom, gebrek aan kliënte as gevolg van die paniek wat ontstaan het en nie-betaling van lenings, insluit.

Soos hierbo aangedui, was dit die tydperk toe die hoogste werkloosheidsyfer en laagste inkomste ervaar is. Die depressie het daartoe gelei dat fabrieke, banke en groot sake-entiteite in duie gestort het wat duisende burgers beide werkloos en met geen geld gelaat het om kos op die tafel te sit nie. Die daling in die aandele wat op 24 Oktober 1929 plaasgevind het, is Swart Donderdag genoem.

[Uit www.ukessays.com> essays> economics>economic-impact-of-the-great-depression-economics-essay. Toegang op 11 Februarie 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2B

Die onderstaande bron skets die sosiale gevolge van die Groot Depressie op die Amerikaanse samelewing.

Die samelewing was beide negatief en ietwat positief geaffekteer deur die Groot Depressie. Dit het mense tot selfmoord gedryf weens die uiterste swaarkry en armoede wat hulle in die gesig gestaar het. Maar aan die ander kant het dit ook familie-eenhede nader gebring. In die samelewing as ŉ algemene entiteit, het misdaadsyfers gestyg namate diegene wat deur hul werkgewer afgelê was, hulself na geringe diefstal gewend het om te oorleef. Wanvoeding was algemeen aangesien mense nie genoeg gesonde kos gehad het om te eet nie. Mense het selfmoord in die strate gepleeg om die felheid (hardheid) van die Groot Depressie te ontsnap.

Desperate vroue wat kos op die tafel moes sit het hulself toenemend na prostitusie gewend, omdat die huidige kultuur en ekonomie onvoldoende inkomste gegenereer het. As gevolg van die houding van die mense wat die meeste deur die Groot Depressie geaffekteer was, was gesondheidsorg in wese geïgnoreer. Mense het eenvoudig nie geld gehad om aan basiese behoeftes soos kos, klere, skuiling en gesondheidsorg te bestee nie. Hospitale was selde besoek – slegs wanneer hulle met ernstige omstandighede oorval was.

Benewens selfmoord, was alkohol ŉ ander ontsnapping uit die ellendige omstandighede. Alkoholisme was aan die toeneem soos nog nooit tevore. Slagoffers van die Depressie het gewoonlik hul alkoholisme met rook aangevul.

[Uit https://sites.google.com/a/g.coppellisd.com/all-about-the-great-depressio/home/social-effects. Toegang op 11 Februarie 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2C

Hierdie bron ontbloot die lyding wat vroue tydens die Groot Depressie deurgemaak het.

Vroue en mans het die Groot Depressie baie anders ervaar. Aangesien mans gewoond was om die broodwinners te wees het hulle gevoel dat hulle mislukkings was namate hulle werkloos geraak en nie meer vir hul families kon voorsien nie. Maar die Depressie het die belangrikheid van vroue beklemtoon, aangesien hulle groter huishoudelike rolle moes hê om te help om uitgawes te dek. Vroue wat werksgeleenthede gesoek het, is dikwels verwerp en as bannelinge (uitgeworpenes) uitgewys omdat hulle 'werksgeleenthede vanaf meer verdienstelike mans weggeneem het'.

Verskillende vroue het ook verskillende ervarings met die Groot Depressie gehad. Ouderdom, huwelikstatus en ras was net 'n paar van baie faktore wat hul ervarings verander het. Plaasfamilies en vroue in besonder het egter veral gesukkel weens die erge droogte wat tot die Stofbak en mislukking van baie plase gelei het. Om 'n werk te hê, het nie oorlewing vir werkende vroue gewaarborg nie. Lone vir vroue was uiters laag en was ook onderworpe aan vermindering. Fabriekswerk en naaldwerk sou dikwels net $5 of minder elke week huis toe bring. Hoewel die verkryging van werk makliker vir vroue as mans tydens die Groot Depressie was, was werkloosheid onder vroue nog hoog. Vir die 20 tot 50% van vroue wat die enigste werkers in die gesin was, was werkloosheid 'n bedreiging vir hul bestaan.

Die Depressie was veral hard op swart Amerikaanse vroue. Hierdie minderheidswerkers wat voorheen posisies soos huishoudings beklee het, het hul posisies verloor aan wit vroue wat in hierdie tyd die arbeidsmag betree het. Swart Amerikaanse vroue wat in stede gewoon het, het dikwels geen ander keuse gehad as om hul te wend na straathoeke, slawemarkte en hul arbeid vir baie lae lone aan te bied nie.

[Uit https://sites.google.com/a/g.coppellisd.com/all-about-the-great-depression/home/social-effects. Toegang op 11 Februarie 2020 verkry.]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2D

Hierdie foto toon Florence Owens Thompson, 'n behoeftige ertjieplukker in Nipomo, Kalifornië, saam met haar kinders in Maart 1936.



[Uit https://www.biography.com/artist/dorothea-lange. Toegang op 05 April 2020 verkry.]

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende verkry:

http://www.toppr.com/ask/question/what-were-the-social-economic-and-political-conditions-in-russia/

www.cram.com>essay>causes-of-the-1905-russian-revolution

https://www.independent.co.uk/news/world/world-history/history-of-the-first-world-war-in-100-moments/history-first-world-war-100-moments-russia-loses-army-battle-tannenberg-9247186.html

www.history.com>hierdie-dag-in-geskiedenis"FebruaryRevolution-begin-

www.ukessays.com> essays> economics>economic-impact-of-the-great-depression-economics

https://sites.google.com/a/g.coppellisd.com/all-about-the-great-depressio/home/social-effects

https://sites.google.com/a/g.coppellisd.com/all-about-the-great-depression/home/social-effects

https://www.biography.com/artist/dorothea-lange

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore